Die Voortrekkers

31 May 2018

Vir aandag: Transvaal Staatmakers; Staatmakergroepbesture
Vir kennisname: Gebiedsbestuur; Oordbesture; Kommandobesture

RE: VERKIESING VAN DIE TRANSVAALSE GEBIEDSTAATMAKERRAAD JUNIE 2018

Ooreenkomstig die grondwet en reglemente van Die Voortrekkers word die bogenoemde bestuursliggame versoek om nominasies in te dien vir die verkiesing van die Gebiedstaatmakerraad van Transvaal vir die termyn 2018 - 2019.

Nominasies moet voor of op 6 Junie 2018 om 16:00 ingedien wees by tvl.gsrverkiesing@gmail.com. Die verkiesing sal in die vorm van 'n elektroniese stemming plaasvind gedurende die periode van 11 – 19 Junie 2018. Finale reëlings vir die stemproses sal saam met die nominasies versprei word teen 8 Junie 2018. 'n Nominasievorm is hierby ingesluit.

Die volgende posisies is tans verkiesbaar op die Gebiedstaatmakerraad:

- Gebiedskakeldraer
- Adjunk-Gebiedskakeldraer [Bemarking]

Let wel: Die termyn vir die verkose Gebiedstaatmakerraad sal 2018 – 2019 wees, maar nominasies van kandidate wat belangstel om ook op die Gebiedstaatmakerraad vir die volgende termyn (2019 – 2021) te dien, word veral verwelkom.

'n Persoon wat hom-/haarself vir die Gebiedstaatmakerraad wil laat nomineer moet aan die bepalings van die Grondwet, Reglemente en ondergenoemde lys van verantwoordelikhede voldoen, soos deur Gebiedsbestuur goedgekeur, voordat nominasie aanvaar kan word:

1. Die persoon moet 'n geregistreerde lid van Die Voortrekkers wees, en ledegelde moet volgens bepalings van Reglemente betaal wees.

2. Die persoon moet as 'n staatmaker geregistreer en ledegeld opbetaal wees vir die huide finansiële jaar.

3. Die persoon moet met nominasie 'n CV indien waarin genoegsame besonderhede besikbaar gestel word ten einde hom/haar vir die spesifieke pos, met spesifieke portefeulje te oorweeg. Die volgende moet daarin opgeneem wees:

Transvaal Staatmakerraad:

Transvaal Gebiedstaatmakerraad

Waarnemende Gebiedskakeldraer: Lorraine Laubscher
Sel: 073 330 9778
E-pos: transvaal.staatmakers@gmail.com

Adjunk Gebiedskakeldraer - Admin: Charene Agenbach
Sel: 082 834 9971
E-pos: transvaal.staatmakers@gmail.com

Facebook: Transvaal Staatmakers

Webadres:
www.transvaal.voortrekkers.org.za/Staatmakers.html

3.1 Persoonlike besonderhede.
3.2 Opleiding, ervaring en dienswerk buite Die Voortrekkers.
3.3 Opleiding, ervaring en dienswerk binne Die Voortrekkers.

4. Die persoon neem kennis van die spesifieke dienswerk wat in die spesifieke pos, gelewer moet word en moet van mening wees dat hy/sy dit kan hanteer. Die basiese omskrywing van dienswerk is vervat in paragraaf 9.

5. Die persoon onderneem dat hy/sy opleiding in Die Voortrekkers sal deurloop ten einde hom/haar in staat te stel om alle verantwoordelikhede suksesvol te hanteer.

5. Die persoon onderneem om deurlopend met Die Voortrekkers, formeel en informeel, te skakel ten einde op hoogte te wees van wat nodig is om dienswerk te verbeter.

6. Die persoon moet bereid wees om, sover moontlik, al die betrokke vergaderings by te woon.

7. Die persoon besef dat Die Voortrekkers die eienaar is van alle dokumente en verwante bates wat tydens sy/haar dienswerk geskep word, en dit aan die Nasionale Staatmakerraad oorhandig moet word met uittrede, om watter rede ookal.

8. Die persoon moet vertroud wees met al die toepaslike Voortrekkerdokumentasie (grondwet, reglemente, literatuur, vorms) wat vir die spesifieke portefeulje, nodig is.

9. Die spesifieke pos en dienswerk is as volg:

9.1 Gebiedskakeldraer

a) Voorsitter van die Gebiedstaatmakerraad en Gebiedskomitee: Staatmakers.
b) Sitting en stemreg op die betrokke Gebiedsbestuur en Gebiedsdagbestuur.
c) Bywoning van Gebiedsdagbestuursvergaderings soos per uitnodiging.
d) Sitting en stemreg op die Nasionale Staatmakerraad.
e) Oorhoofse leiding en ondersteuning aan Staatmakergroepe.
f) Hantering van verklarings en mediaskakeling namens Die Voortrekkers in die area van verantwoordelikheid, met ondersteuning vanaf die Hoofskakeldraer.
g) Deurlopende ondersteuning aan groepleiers en Staatmakergroepbesture.
h) Skakeling met die gemeenskap.
i) Hantering van die begroting vir die gebied se Staatmakers, in oorleg met die betrokke Gebiedstaatmakerraad.

9.2 Adjunk-Gebiedskakeldraer [Administrasie]

a) Sekretaris van genoemde vergaderings.
b) Toesien dat alle reëlings getref word om die vergaderings binne bepalings van die grondwet en reglemente te hanteer.
c) Stel sakelyste en notules op vir die genoemde vergaderings in oorleg met die gebiedskakeldraer.
d) Deurlopende kommunikasie met Adjunk-Gebiedsleier [Administrasie] en die gebiedskantoor.
e) Deurlopende ondersteuning aan Staatmakergroepbesture met administrasie.
f) Opstel van ‘n kontakbesonderhedelys van Transvaal Staatmakers.

9.3 Adjunk-Gebiedskakeldraer [Bemarking]

a) Hantering en administrasie van Transvaal Staatmakers se sosiale media platforms.
b) Skakeling tussen Staatmakergroepe bewerkstellig.
c) Staatmakeraktiwiteite in gebied koördineer en bemark.
d) Bewusmaking kweek onder senior Verkenners en studente oor staatmakerwees.
e) Deurlopende ondersteuning aan staatmakergroepe rondom bemarkingsaktiwiteite.

'n Lys van alle nominasies en CV's van betrokke kandidate, sal vanaf 8 Junie 2018 soos volg beskikbaar wees:

- Die Voortrekkers Transvaal: https://transvaal.voortrekkers.co.za/
- Kennisgewings vanaf Gebiedskantoor.

Navrae rakende die verkiesing van die Gebiedstaatmakerraad kan gerig word aan tvl.gsrverkiesing@gmail.com of AGL [Volwasse Sake] Dirk van den Berg by vdbergdj@mweb.co.za.

Voortrekkergroete

Transvaal Gebiedstaatmakerraad 2017-2018
E-pos: tvl.gsrverkiesing@gmail.com